AfriForum

# AFRIFORUM
# BELASTINGMANIFES

## AANHEF

Ons, as belastingbetalende lede van die publiek in Suid-Afrika, verklaar hiermee die volgende:

- **aangesien** die staat, soos ons dit vandag ken, teoreties in die lewe geroep word deur ’n onderlinge ooreenkoms tussen die burgers met die doel om hul vryheid en basiese regte op volhoubare wyse te verseker; en

- **aangesien** die mees basiese funksie van die staat is om toe te sien dat die burgery veilig is, dat daar aan die basiese voorwaardes vir vryheid voldoen word en dat hul eiendom beskerm word; en

- **aangesien** die regering die administrasie van die staat behartig; en

- **aangesien** die regering deur ons as belastingbetalende lede van die publiek gefinansier word om hierdie funksies uit te voer;

## VERKLARING

Daarom verklaar ons, as belastingbetalende lede van die Suid-Afrikaanse publiek, die volgende:

- Die Suid-Afrikaanse regering faal daarin om die mense van die land veilig te hou. Suid-Afrika is een van die gewelddadigste lande in die wêreld. Meer as 20 000 mense word jaarliks in Suid-Afrika vermoor. Anders gestel, meer as ’n halfmiljoen mense is al vermoor sedert die ANC die regering oorgeneem het. Die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) en ander staatlike veiligheidsmagte is hopeloos onbeholpe in tye van krisis. Die nasionale polisiekommissaris sê self dat die SAPD nie in staat is om sy grondwetlike mandaat na te kom nie.

- Die Suid-Afrikaanse regering faal daarin om die onvervreembare vryhede van die plaaslike gemeenskappe te beskerm. Dit blyk onder meer uit ’n lang lys van doellose regulasies wat gedurende die COVID-19-inperking deur die staat deurgevoer is en wat op onverdedigbare vergrype teen die lewe, liggaamlike integriteit en vryheid van die publiek neerkom. Voorts spreek bykans elke vooraanstaande internasionale instelling wat regsvergrype moniteer hul kommer in toenemende mate uit oor vergrype deur die Suid-Afrikaanse regering. Dit blyk uit ooglopend ondeurdagte wetgewing en blatant

diskriminerende maatreëls, wat bloot daartoe lei dat meer mag in die staat gesentraliseer word, en wat ook meebring dat die vryheid van die publiek toenemend ingeperk word.

- Die Suid-Afrikaanse regering faal daarin om toe te sien dat privaat eiendomsreg en die basiese voorwaardes vir ’n werkende markekonomie in stand gehou word. Dit blyk sedert 2018 uit pogings wat aangewend word om die Grondwet te verander deur die staat toe te laat om belastingbetalende burgers se eiendom te mag konfiskeer. Dit blyk ook uit ’n wye verskeidenheid van wette en regulasies wat uitgevaardig word ingevolge waarvan die ekonomie en die sakesektor buitensporig aan bande gelê word, soveel so dat dit in toenemende mate vir belastingbetalende burgers moeilik word om sakeondernemings te begin en te bedryf, werk te kry of werknemers aan te stel.

- Die Suid-Afrikaanse regering faal daarin om die land doeltreffend te regeer. Dit blyk uit die feit dat diensleweringsbetogings en regsaksies teen die staat vanweë die nienakoming van basiese verantwoordelikhede ’n alledaagse deel van die Suid-Afrikaanse samelewing geword het. Dié betogings word ook dikwels gewelddadig en lei gereeld tot bloedvergieting. Boonop lei geen of swak dienslewering – wat kwessies soos elektrisiteit- en watervoorsiening en die instandhouding van paaie en rioolstelsels insluit – nie net tot ongerief nie, maar dikwels ook tot sterftes.

- Die Suid-Afrikaanse regering faal daarin om op deursigtige wyse te regeer. ’n Kultuur van ongebreidelde korrupsie en plundering van staatsfondse heers, met die gevolg dat die staat oor die afgelope twee dekades reeds skade in die omgewing van R1 biljoen (R1 000 000 000 000) gely het. In plaas daarvan om op die voorpunt van die stryd teen korrupsie te staan, bevind staatsamptenare hulle veel eerder op die voorpunt van staatskaping en misdadige optrede. Hierdie krisis het veral duidelik geblyk deurdat die korrupsie van regeringsamptenare en hul patronaatnetwerke selfs gedurende die COVID-19-pandemie hoogty gevier het. Ten spyte daarvan dat verdoemende bewyse van korrupsie deurlopend teen senior regeringsamptenare onthul word, vind strafregtelike vervolging in hierdie verband byna nooit plaas nie. Dit is duidelik dat die president se uitsprake oor korrupsie nie veel meer as lippehulde is nie en dat die bevordering van korrupsie ’n veel groter prioriteit vir die regering is as die bestryding daarvan.

- Werkloosheid neem krisisafmetings aan. Die regering se deurlopende swak beleidsbesluite en onvermoë om ’n omgewing te skep waarin die ekonomie kan groei, het ’n hele geslag in ellende gedompel. Dít terwyl die regering voortgaan om doellose en vernietigende beleide op die samelewing af te dwing. Die regerende party regeer in hierdie verband aktief teen sy eie burgers.

- As belastingbetalers is ons deeglik daarvan bewus dat ons voortgesette betaling van belasting die enigste rede is waarom die staat by magte is om met sy verwoesting en plundery voort te gaan.

- Belastingbetalers in Suid-Afrika is keelvol om toe te sien hoe belastinggeld verkwis, geplunder of wanbestee word. Die gewone belastingbetaler kry min of

geen waarde vir belastinggeld nie en moet in vele opsigte self betaal vir kritieke dienste waarvoor belasting alreeds gehef word. Dit sluit privaat mediese sorg, privaat sekuriteit, privaat onderwys en opleiding, en volgehoue en betroubare krag- en watervoorsiening in.

- In omstandighede waar die burgery nie hul belastinggeld aan 'n verantwoordbare regering kan toevertrou nie, ontstaan die vraag of dit hoegenaamd nog nodig is om belasting te betaal. Vir die gewone burger is dit eenvoudig een te veel om te dink dat hulle moet aanhou belasting betaal terwyl dit duidelik is dat hul belastinggeld wanbestuur, gesteel en tot 'n groot mate geplunder word tot voordeel van oligargiese, diefagtige elite onder die bestuur van ANC-leierskap. Om onder hierdie omstandighede aan te hou betaal, blyk 'n vorm van ondersteuning en bemagtiging van hierdie wanpraktyke te wees.

- In die omstandighede is dit heeltemal verstaanbaar dat burgers 'n vorm van belastingprotes toepas en sal ondersteun. Dit neem reeds die volgende vorme aan;

  - belastingweerhouding
  - belastingontduiking
  - belastingvermyding
  - belastingvertraging
  - emigrasie.

- Vanuit vele oorde word daar aangedring op een of ander vorm van belastingopstand omdat dit gesien word as die enigste wyse waarop die regering tot verantwoording geroep kan word.

## DISPUUT

- In die lig hiervan verklaar ons hiermee 'n dispuut met die Suid-Afrikaanse regering. Ons verklaar dat ons nie onverpoosd kan voortgaan om sy korrupte stelsel te finansier nie. Dit is tyd dat die regering tot orde geroep word.

## SEKRETARIAAT

- As burgerregteorganisasie sal AfriForum 'n onafhanklike burgerlike sekretariaat saamstel, wat sowel die organisasie se lede as die ondertekenaars van hierdie manifes sal verteenwoordig met betrekking tot die eise wat hierop volg.
- Die doel van hierdie sekretariaat is om 'n burgerlike belastingopstand te verhoed deur toe te sien dat die nodige stappe deur die staat gedoen word om belastinghervorming deur te voer, die mark meer toeganklik vir belastingbetalers te maak en die nodige strafregtelike prosesse te volg om korrupsie uit te roei.
- Die sekretariaat sal uitsluitlik vanuit die burgery saamgestel word en sal sonder staatsinmenging funksioneer.

## EISE

Ons as belastingbetalende lede van die Suid-Afrikaanse publiek eis hiermee die volgende:

- Dat hierdie sekretariaat deur die regering erken word as legitieme liggaam wat 'n beduidende aantal van die land se belastingbetalers verteenwoordig en wat ook 'n konstruktiewe rol het om te speel om toe te sien dat belastingbetalers tevrede is met die wyse waarop hul belastinggeld aangewend word.

- Dat die president en die ministers van die toepaslike staatsdepartemente met hierdie sekretariaat vergader om die eise te bespreek wat in hierdie dokument uiteengesit word.

- Dat hierdie sekretariaat se oorsigfunksie oor die nasionale tesourie se aanwending van belastinggeld erken word. Die sekretariaat moet voldoende toegang tot inligting hê om hierdie funksie doeltreffend te kan uitvoer.

- Dat belastingfederalisme en -outonomie aan gemeenskappe erken word deur bestuur en inspraak van belastinggeld met betrekking tot plaaslike gemeenskappe te vestig.

- Dat gemeenskap/openbare-vennootskappe vir en die ontwikkeling van koöperatiewe gemeenskapbestuursmodelle vir munisipale dienste ontwikkel word.

- Dat die werk van die ouditeur-generaal deur hierdie liggaam aangevul word deurdat korrupsie en wanadministrasie van belastinggeld onafhanklik gekwantifiseer en/of gemoniteer word, waarna verantwoordelike staatsamptenare hierdie geld aan die publiek moet terugbetaal en vervolg word. In soverre die verantwoordelike staatsamptenare nie vasgestel kan word nie, behoort die regerende party hiervoor in te staan. Die belastingsekretariaat sal 'n toesigfunksie vervul deur toe te sien dat hierdie eis doeltreffend uitgevoer word.

- Dat die wysiging aan die Grondwet om die staat te bemagtig om eiendom sonder vergoeding te konfiskeer onmiddellik gestaak word.

- Dat die voortgesette befondsing van mislukte staatsondernemings onmiddellik gestaak word.

- Dat korrupte staatsamptenare, kaders van die regerende party en hulle netwerke onmiddellik vervolg word en verskeie spesialistribunale en howe vir hierdie doel daargestel word, welke tribunale en howe behoorlik bemagtig word en nie aan politieke druk of inmenging onderwerp word nie.

- Dat belastingkortings ingestel word vir dienste waarvoor belastinggeld betaal word, maar waarvoor belastingbetalers genoodsaak is om 'n tweede keer aan privaat instansies te betaal om te verseker dat dienste wel verkry word. Dit sluit

in belastingkortings vir bewese persoonlike uitgawes om persoonlike veiligheid te verseker.